

H. P. WOLMARANS EN DIE KULTUURSTREWE VAN DIE AFRIKANER

H. P. Wolmarans is van daardie garde wat in 1917 as student ingeskr,we is aan die voormalige Transvaalse Uniwersiteitskollege, voorloper van die Universiteit van Pretoria. Mens moet self iets van die ontwikkelingsgang sedertdien meegemaak het om met begrypende insig saam te praat oor die ongelooflike verandering wat van dié dae af ingetree het.

In 1917 was Engels nog deurgaans die voertaal van die universitêre onderrig. Hoog-hollands was die tweede ampstaal. Afrikaans het al sy verskyning in die skole begin maak maar is nog nie geneem as matriekvlak nie en was ook nog nie op universitêre vlak te vind nie. In iets meer as veertig jaar is alles omgekeer—'n merkwaardige veroweringstog.

Die Transvaalse studente van 1917 en daarlangs is gebore kort voor of in die Driejarige oorlog. Hulle was die kinders van 'n verowerde volk, maar het nie, soos mense later gaan beweer het, aan 'n minderwaardigheidsgevoel gely nie. Inteendeel uit die mond van die vaders het hulle verneem hoedat die bittereinders in die oorlog hulle man gestaan het teen die groot oormag. Die kinders en die jonges het met 'n sekere ingehoue trots gedink aan 'n fier verlede en het vroeg reeds 'n bepaalde manhaftigheid aan die dag gelê waar dit gegaan het om taalregte en 'n eie identiteit.

Met die vrede van Vereeniging het Generaal Hertzog en sy medestanders gesorg dat die Hollandse taal gebruik sou kon word in die skole en houe en die Boere-afgevaardigdes het voorsiening laat maak vir vroeë selfbestuur.

Na die oorlog was dit die onwil van die veroweraar se kant om die Hollandse taal sy plek te gun wat die vroeë aanleiding was tot 'n eie private skoolstelsel waarin iets van die eie karakter bewaar is.

Met die Nasionale Konvensie van 1909 was Generaal Hertzog alreeds berug as die kampvegter vir gelyke taalberegtiging. Sy eis is beliggaam in artikel 153 van die Grondwet van die Unie. Skrywer hiervan het meermale gesê dat vanaf 1914 tot 1924 die Afrikaner as 't ware geleef het met artikel 153 in die mond. Ons kon dit vroeg en laat aanhaal. Wellig was hierdie wetsartikel, wat gemeenlik toegeskryf word aan die eiewilgheid van Generaal Hertzog tydens die Nasionale Konvensie, een van sy grootste bydraes tot ons nasionale bestaan, want dit het die loopgraaf geword waaruit die stryd telkens geloods is vir alle regmatige aansprake van die Afrikaner.

Die jaar 1917 het tewens diep in die eerste Wêreldoorlog geval, wat groot verdeeldheid onder Afrikaner-geledere meegebring het, die gewapende protes van 1914 uitgelok het en bitterheid ontketen het, waarvan die gevolge tot die huidige dag gemerk kan word. Onder die universiteitstudente van daardie dae is 'n lied aangehef:

Jopie Fourie het 'n boompie geplant;
Die een wat hom uittrek, maak ons van kant . . .

Die nasionale idealisme het onder die jongeres opgevlam. Die Afrikaanse Studentebond het elementêre taalregte begin eis en dit dikwels vir die universiteitsowerheid ongemaklik gemaak.

Jan Cilliers het vir die studente van die T.U.K. gedig:

Daar's 'n nasie te ly, daar's 'n stryd te stry,
Daar's werk!

Sodanig was die geestelike klimaat waarin H. P. Wolmarans hom bevind het toe hy in 1917 student geword het. Dit was 'n tyd toe jong Suid-Afrika hom bewus begin aangord het vir die stryd. Wolmarans was nie een van die vleisbraaiers nie, maar het op 'n natuurlike wyse hom onder die aktiwiste bevind. Afkomstig uit 'n ou Transvaalse Voortrekkerstam het dit hom as 't ware in die bloed gesit. Twee van sy ooms was in die Republikeinse dae lede van die Uitvoerende Komitee, dus Ministers. Van sy neefs was onder die beroepsmilitêre van die Staatsartillerie. Die Wolmaranse is gereeld saam met Kruger genoem. H. P. Wolmarans van 1917 af verder het die agtergrond gehad om in sake van taal en kultuur 'n yweraar te wees. So het hy deur die jare gebly die Christelik-nasionale mens. Omdat dit Christelik geïntereerd is word die nasionalisme nie maklik sonde teen die eerste gebod nie. Dit kan anders ligtelik gebeur en dan is nasionalisme nie 'n sieraad nie, maar 'n geestelike gevaar.

Die kultuurnasionalisme van daardie generasie was fors van aard, eerder intuïtief as gegrond op uitgebreide redenering. Mens het aan gevoel wat hoort en wat nie hoort nie en daarom is die groot lyne duidelik getrek. Die lewensopvatting was eenvoudiger omdat die lewe self minder gekompliseerd was. Baie het daardie eienskap oorgedra in die teenswoordige tyd en is minder onthuts deur allerlei eksistensie-filosofieë en modeproblematieke as 'n jongere generasie. Die siel van die kultuur is per slot die kultuur van die siel. Vir die ouer generasie was dit so eenvoudig: elke mens en gemeenskap het 'n plek, werk en 'n bestemming; dit is die skuldige plig om te doen wat die hand vind om te doen en om dit na te laat is strafwaardig. Ons sien ons aftredende kollega teen so'n agtergrond.

Uitwendig het ons baie bereik. Het ons dit mis wanneer ons meen dat ons vriend onder al wat na die uitwendige bereik is en waarvoor daar dankbaarheid is nie gerus is dat daar tog nie inwendig skade gely is nie?

C. H. RAUTENBACH,
Rektor en Onderkanselier.

Pretoria,

21 Oktober 1959.